# Die Welgelegener

**CHRISTUS IS DIE HERE**

Daarom wil ons mekaar in verhoudinge opbou … Om so sy groot opdrag uit te leef.

Geroep Gewillig Gestuur APRIL 2026




*Die skrifgedeelte vir Danie se intreepreek op Sondag 18 Januarie was 1 Korintiërs 2:1-16 en die tema "Soek-soek, saam op soek". Die bevestiging is waargeneem deur dr. Pieter van der Walt.*

# Welkom aan Ds. Danie Goosen!

Daniël Jacobus Goosen is gebore op Bothaville waar hy ook gematrikuleer het. Daarna is hy weermag toe voordat hy op Stellenbosch kom studeer het. Sy beroep as predikant het hom al op verskeie plekke laat nesskop—van Ventersburg, tot Londen, Mariental, Secunda, Groot Brakriver en nou in die Laetitiasingel-pastorie op Stellenbosch. Hy is die trotse pa van Daneel (26), Nikola (14) en Theo (2) en is vir die afgelope 5 jaar al getroud met Nadia Marais. Hulle het ook twee vierbenige kinders, Filos en Nana. Gemeentelede wat Danie al leer ken het, som hom op as 'n opregte persoon met 'n gemaklike geaardheid en het ook al eerstehandse ondervinding opgedoen met sy spesiale gawe... om name te onthou!

Danie is baie lief vir sport en hy, Daneel en Nikola gaan kyk graag saam rugby. Jy sal hom baie sien stap met Theo en hy is ook lief vir gholf, muurbal, fietsry, lees, wynproe, skaak en brug.

In Danie se bekendstellingsbrief aan die kerkraad tydens die beroepingsproses, het hy die volgende geskryf: "Ek het 'n passie vir genade van God, gedemonstreer en vertel in die Bybelverhale, en wat gestalte kry in Jesus Christus, ons Here. Ek staan altyd verwonderd oor God se genade—dit opsigself het my uitkyk oor die broosheid van mense verskerp. Ek poog om met 'n bril van die kruis na mense en die samelewing te kyk."

| | Danie se gunsteling | Nadia se gunsteling |
|---|---|---|
| **Kos** | Skaaptjops | Lasagne |
| **Drinkgoed** | Haselneut Latte, Shiraz en Malbec | Bier |
| **Boeke** | Speurverhale en Rillers (Deon Meyer en Chris Karsten) | Fantasie Fiksie (ek lees tot 20 Fantasie Fiksie boeke 'n jaar) |
| **Vakansieplek** | Kruger Wildtuin en die Tuinroete | Tuinroete en die Karoo |
| **Goue oomblik** | Tye saam met my kinders. | Theo |
| **Wyse raad** | Stap soms weg en keer terug. | "Just be lekke" (Vannie Kaap) |
| **Bederfies** | donkersjokolade (*orange of salted caramel*) | 'n *cool* dagboek |
| **Gesegde** | Skenk my u wysheid, een dag op 'n slag. | "In the end, we'll all become stories." (Margaret Atwood) |

Vir Danie staan verhoudingsbou sentraal in 'n gemeente en glo hy dat gemeentes beter luister waar meer stemme is en dat deursigtigheid vertroue kweek. "'n Gemeente moet 'n ruimte wees waar ons gereeld herinner word aan ons identiteit in Christus en ons unieke plek en uitlewing daarvan." Mag jou bedieningstyd hier by ons geseënd wees!

## Uit die kerkkantoor

**ONS HOOP JY LEES LEKKER AAN DIE EERSTE UITGAWE VAN DIE JAAR VAN DIE WELGELEGENER MET NUUS OOR DIE GEMEENTE SE WERKSAAMHEDE SEDERT DESEMBER 2025. 'N VOL MEI LÊ VOOR MET HEMELVAARTDAG, 'N PINKSTERREEKS EN PINKSTERFEES & NAGMAAL. ONS NOOI JOU OOK SPESIAAL UIT OM DEEL TE NEEM AAN ONS DANKBAARHEIDSMAAND IN MEI. ONS SLUIT DIE MAAND AF MET 'N DANKDIENS OP SONDAG 31 MEI OM 09:30 EN DANKBAARHEIDSETE DAARNA BY DIE KERK.**

### JY IS SPESIAAL GENOOI!

Tesame met die nuwe Welgelegener, kry jy ook die Dankbaarheidsmaandpamflet met inligting oor ons gemeente se finansies, asook 'n Dankbaarheidsmaandkoevert met jou uitnodiging na ons **GRATIS** Dankbaarheidsete op 31 Mei. Laat weet asb die kerkkantoor (021 886 5975 of skriba@stelwel.co.za) teen nie later nie as 25 Mei as jy graag wil saamkuier aan ons etenstafel.




## Welkom aan ons nuwe Belydende Lidmate!



*Baie geluk aan Melindie Horn, Christiaan Kritzinger, Wynand Otto, Lily Richards, Mia Smith, Zak Steyn en Miné Venter met hul Belydenis van Geloof in ons gemeente op Sondag 22 Maart. Voorspoed en seën op julle geloofspad vorentoe!*

*Esegiël 37:14*

"Ek sal my Gees in julle gee, en julle sal leef. Ek sal julle tot rus bring op julle grond. Dan sal julle besef dat Ek die Here is. Ek het gepraat en Ek sal dit doen." Dit is die uitspraak van die Here.



## ABBA IS BAIE DANKBAAR

Die B-Aksie tema vir Februarie is mense wat 'n stryd voer teen middel-afhanklikheid. Daarom samel ons altyd Gedurende Februarie toiletware in wat ons dan aan ABBA skenk om dit aan mense te gee wat vir behandeling moet gaan. Betta Augustyn, verteenwoordiger by ABBA, was stomgeslaan en baie dankbaar oor die groot hoeveelheid toiletware wat ons gemeente in een maand ingesamel het.



## ONS NEEM AFSKEID VAN RINA

Rina van den Heever was vir 8 jaar ons gemeente se B-Aksie koördineerder en was ook die vriendelike ontvangspersoon in die kerkkantoor. Ons het aan die einde van Maart 'n afskeid gehou met ons gemeente se B-Aksie vennote en ook ons B-Aksie komitee wat kom saamkuier het. Dankie vir jou diensbaarheid en al die ekstra myle wat jy altyd bereid was om te loop, Rina! Geniet jou rustiger lewenspas!

## 'N SKUIF WAT 'N VERSKIL MAAK


Deur die Skole Skaakprojek by Weber Gedenk Primêr, Laerskool Rietenbosch en Laerskool Devonvallei, kry minderbevoorregte kinders toegang tot vaardighede soos konsentrasie, strategiese denke en deursettingsvermoë. Ons nooi jou uit om deel te word van hierdie betekenisvolle inisiatief deur jou tyd, hulpbronne of finansiële ondersteuning. Elke bydrae maak 'n verskil en help om 'n kind se toekoms positief te beïnvloed. Raak betrokke en maak 'n skuif wat saakmaak! Vir meer inligting kontak Annette Delport (084 506 5066/ info@montvue.co.za).



## TEDDIEBERE VIR SIEK KINDERS

Ons het einde verlede jaar 27 handgebreide teddiebere vir kinderpasiënte, wat ietsie nodig het om vas te hou, by Hospice se Skoenlappersaal gaan aflewer. Die kinders in die kindersaal by Stellenbosch Hospitaal het ook van hierdie pragtige teddiebere gekry.

# Kersprojek 2025: ons versprei hoop en liefde



Uit die Kersprojek van 2025 is die volgende skenkings gemaak:

* Altesaam 95 gesinskospakkies is uitgedeel aan die ACVV, Stellenbosch Voedingsaksie, Stellemploy, Molenhof Tehuis vir Bejaardes, Laerskool Eikestad se Eikiehartprojek en die kerk se werkers.
* 150 lekkergoedpakkies is verpak en geskenk aan die ACVV om aan behoeftige kinders uit te deel tydens hul Kersparty-tjies.
*Nie-bederfbare voedsel, skoonmaakmiddels, toiletware, aanmaakkoeldrank en ander lekkernye is verdeel en geskenk aan ABBA, die ACVV, behoeftige studente aan die US, Huis Horison, Jeuguitreik, Nagskuiling, die 4 gesinne wat ondersteun word deur die Eikiehartprojek en Safehouse.
* 10 spesiale geskenksakkies, met toiletware en lekkergoed, is geskenk aan behoeftige inwoners in Molenhof, 12 waslappie-en-sepie geskenkies is gegee aan die vroue in Safehouse en 12 toiletware geskenksakkies is aan die 12 sjefstudente by Stellemploy geskenk.
* Die 69 personeellede van Geluksoord ontvang elkeen 'n geskenkblikkie met tuisgebakte koekies, so ook die 8 personeel-lede by die Nagskuiling en die 2 manne van Huis Horison wat elke Maandag die herwinningsmateriaal kom haal. Vir die 38 personeellede by die Hospice se Skoenlappersaal is 'n sjokolade met 'n spesiale boodskap gegee.
*Die 40 inwoners van die Nagskuiling is op 1 Desember bederf met 'n heerlike Kersete: oondgebraaide hoender, aartappelslaai, noedelslaai, 'n glasflessie met "trifle" en 'n botteltjie koeldrank.
*50 handeroom-geskenkies is gegee vir die mammas en personeel wat op Kersdag in die neonatale eenheid by Paarl Hospitaal was.
*Hoenderboudjies en -dytjies is geskenk vir Jeuguitreik en Safehouse vir hul Kersetes.
*Die leraars het 30 bejaardes, eensames en lidmate wat deur 'n moeilike tyd gaan, besoek, met 'n spesiale boodskap en sjokolade van die gemeente.
* Geldelike skenkings het R24 250 beloop.





**Baie dankie aan almal wat saamgewerk en gehelp het om die Kersprojek 'n sukses te maak!**










# *Dankie vir al die skryfbehoeftes!*



Altesaam 63 pragtige geskenkbekertjies en gevulde potloodsakkies is aan die einde van Januarie as deel van die Kersprojek geskenk aan die 20 kinders van Jeuguitreik, die 8 leerders wat deur die Eikiehart-projek ondersteun word, en die 25 behoeftige leerders wat die nasorg by Jeuguitreik bywoon. Verder is 10 potloodsakkies ook gegee vir behoeftige US-studente.





## NAALDWERKBEDIENING WOEKER!

Die vroue van ons Naaldwerkbediening is elke tweede Donderdag op hul pos in ons naaldwerkkamer en hard aan die knip, stik en stryk! Kontak die kerkkantoor as jy deel van hierdie bediening wil word. Daar is altyd ekstra hande nodig om projekte suksesvol te voltooi en sodoende 'n groot verskil in ons gemeenskap te help maak.

# Lekker kuier om 2025 af te sluit

*Na afloop van die Kerssangdiens verlede jaar op 30 November is daar heerlik saamgekuier in die skaduwee van ons tuin se groot kurkboom. Dankie aan almal wat 'n lekker slaai gebring het om te deel en dankie vir die lekker gesels om die tafels! En dankie aan Linda Koetsier vir die heerlike Peppermint Crisp-terte vir poeding.*





# Wat mens in lyding leer van geloofsgemeenskap wees

Ek sit hier voor my rekenaar met min woorde, want 'n mens se brein funksioneer maar nie soos dit moet wanneer jy leef met konstante verandering en kommer – of eerder, op jou hoede wees, nie. Ek het hierdie jaar begin met drie gesonde kinders en nou, soos die seisoene draai in April, is ons huishouding besig om die kankerpad (wat soveel van julle maar té goed ook ken) te stap. Ek het hierdie jaar begin as 'n dominee, wat langs Jesus en ander op die pad van die lewe stap met al die op en die af daarvan, maar nou struikel ek self op hierdie pad en het ander langs mý nodig.

Ek dink nie dis dat dit nooit so was nie – ons almal het mos maar altyd ander mense nodig op ons lewenspad – maar dis 'n snaakse gewaarwording wanneer jy dit so akuut aan jou lyf begin voel. Maar juis in hierdie tyd, leer Stellenbosch-Welgelegen my weer opnuut wat "geloofsgemeenskap" is en beteken. Nêrens in die Bybel leer ons dat dit beteken dat een altyd moet sterk wees vir almal anders nie, maar eerder juis dat Jesus die kop is en ons almal net liggaamsdele. En nog nooit het ek die woorde: "As een ledemaat ly, ly al die ledemate saam..." (1 Kor. 12:26a) só aan my lyf gevoel as nou nie.

En alhoewel my brein leeg voel en woorde min, laat dit alles vir my en my gesin met 'n sterk gevoel van dankbaarheid wat in elk geval moeilik is om met woorde uit te druk alhoewel hierdie 'n klein poging is: *Dankie, dat julle omgee vir ons so prakties is soos wat Jesus ons leer liefde moet wees. Dankie, vir elke bak kos, elke gebed, elke "playdate" of "babysit" van ons kinders, elke boodskap om te sê julle bid of dink aan ons, elke vra: "Hoe gaan dit met Kai?" wanneer ons julle sien by die kerk, en soveel meer dinge wat ek nou vergeet! Julle het ons geleer hoe dit lyk wanneer die liggaam van Christus werklik 'n geloofsgemeenskap is en ons is só dankbaar om deel van hierdie besonderse gemeente te wees! Met baie liefde, Elzanne en Freddie (en Abi-Mari, Iowan en natuurlik, Kai)*







## Tieners hou Tienerkerk by Bonheur

*Ons tieners het op Sondag 8 Maart hul byeenkoms saam met Elzanne by Bonheur gehou. Daar is heerlik om die tafels gekuier en die bejaardes en tieners het genoeg tyd gehad om lekker te gesels om mekaar 'n bietjie beter te kan leer ken.*

# *Begin-van-die-jaar-braai:* ons kuier lekker saam




Op Sondag 22 Maart het ons ons jaarlikse begin-van-die-jaar-braai gehou. Die vure is ná die erediens aangesteek en gemeentelede het heerlik saamgekuier in die skaduwee van ons groot ou kurkboom. Dit was 'n pragtige dag - nie te warm nie en met 'n lekker koel briesie om die braaiers koel te hou.

Dankie aan Coenie van Vuuren wat gesorg het dat die kole betyds en genoeg was vir almal om te kon braai. Dankie ook aan almal wat slaaie gebring het - daar was omtrent 'n feestelike verskeidenheid! En baie, baie dankie aan Linda Koetsier wat die melkterte vir ons poeding gebak het - dit was héérlik!










**Louis Jonker,** professor in Ou Testament aan die Universiteit Stellenbosch, is in Maart op 'n besonderse wyse deur sy vakgenote in die Bybelwetenskappe, plaaslik en internasionaal, vereer. Die oorhandiging van 'n gedenkbundel, of soos die Duitsers dit noem *Festschrift*, naby aan die kruin van 'n akademikus se loopbaan, is in Europa en die VSA redelik algemeen. Tydens 'n huldigingsgeleentheid op Stellenbosch vir Louis, het iets gebeur wat selfs in Europese kringe amper ongehoord is. Daar is nie een nie maar twee *Festschriften* aan Louis oorhandig! Die mederedakteurs van die twee bundels het in persoon of aanlyn op die groot skerm lof gebring vir sy ongelooflike bydrae tot die vakgebied en ook tot hul eie ontwikkeling as akademici.






# Sonderbriekers se eerste kuier vir 2026:

## 'n uitstappie na Vergelegen

Die Sonderbriekers was geseën met 'n heerlike koel Donderdag in Maart vir hul uitstappie na Vergelegen. Nadat die saamrygeleenthede uitgesorteer is, het die stoet motors in die pad geval met Emile Muller en John Villet aan die voorpunt en Danie Goosen, soos dit 'n goeie herder betaam, heel agter om seker te maak almal arriveer in een stuk by Vergelegen. Die begeleide toer van die 300 jaar oue herehuis en 200 jaar oue biblioteek was insiggewend en die pragtige tuine het nie teleurgestel nie. Dankie aan al die jonk-van-gees-Sonderbriekers wat die oggend saam spandeer het! In Mei kuier ons weer saam.







### *Ons sê dankie aan ons opvoeders*

*Op Sondag 8 Februarie was 'n Biddag vir Opvoeding en Onderwys en ons het daarom al ons opvoeders in die erediens genooi om voor te kom staan sodat ons vir hulle 'n ietsie kleins kon gee as waardering en aansporing vir hul harde werk. Frances Walters, 'n graad 8-leerling in Bloemhof, het vir hulle 'n gebed gedoen.*

## Wêreldbiddag vir Vroue gevier



Dit was 'n geseënde oggend vir die groep vroue wat by ons gemeente saamgekom het om op Vrydag 6 Maart saam met vroue in altesaam 170 lande Wêreldbiddag vir Vroue te vier.

Die vroue van Nigerië het vanjaar se tema gekies: *Kom, Ek sal jou rus gee* (Matteus 11:28-30). Elzanne van der Westhuizen het die biduur gelei en stories gedeel van vroue in Nigerië. Na die tyd is daar heerlik gekuier met tee en koffie en twee tradisionele Nigeriese versnaperinge - *chin-chins* (koekiedeeg in driehoekies gesny en in olie gebraai) en *puff-puffs* (soortgelyk aan klein oliebolletjies).





## 2026 BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| **10 Mei** | Moedersdag |
| **14 Mei** | Hemelvaartdag & Hemelvaartdiens |
| **14 Mei** | Ons gemeente se 61ste verjaarsdag |
| **18 - 21 Mei** | Pinksterdienste |
| **24 Mei** | Pinksterfees & Nagmaal |
| **31 Mei** | Dankdiens & Gemeente-ete |
| **14 Junie** | Vadersdag |
| **16 Junie** | Jeugdag |
| **9 Augustus** | Vrouedag (en gevier op 10 Augustus) |
| **30 Augustus** | Nagmaal & Barmhartigheidsondag |
| **12 September** | Lentefees & Potjiekos |
| **24 September** | Erfenisdag |
| **24 September** | Lesotho-uitreik vertrek (tot 3 Oktober) |
| **11 Oktober** | Matrieksondag |
| **23 & 24 Okt** | Kinderkampoorslaap by die kerk |
| **25 Oktober** | Hervormingsfees & Nagmaal |
| **25 Oktober** | Bybelnagte |
| **1 November** | Gr 7-Sondag |
| **22 November** | Sondag van Christus die Koning & Nagmaal |
| **25 November** | Kersprojekverpakking |
| **29 November** | Kerssangdiens & Gemeente-ete-afsluiting |
| **30 November** | Ete vir Stellenbosch Nagskuiling |
| **16 Desember** | Versoeningsdag |
| **25 Desember** | Kersdag |
| **26 Desember** | Welwillendheidsdag |

NG Kerk Stellenbosch-Welgelegen
Buitekring 6
Dalsig
Stellenbosch, 7600
**Tel:** 021 886 5975
**E-pos:** skriba@stelwel.co.za
**Webwerf:** www.stelwel.co.za

Snap here to pay

**BANKBESONDERHEDE**
NG Kerk Stellenbosch-Welgelegen
Nedbank Stellenbosch
Takkode: 198 765 / 149 821
Rekeningnommer: 149 804 6320
Verwysing: Naam, Van & Waarvoor
Snapscan-betalings ook welkom!